ANTON EHLERS
Die Helpmekaarbeweging in Suid-Afrika: die storm- en drangjare, 1915-1920
en
V.S. HARRIS
Land, labour and ideology: Government land policy and the relations between Africans and Whites on the land in northern Natal 1910-1936
*Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 54(1)
Pretoria: Die Staatsdrukker
1991
303 pp.
R10,00
ISBN 0-7970-2134-5

Die betrokke uitgawe in die reeks wat van 1938 af dateer en eers sedert 1988 (deel 1) van 'n ISBN nommer voorsien word, is nogmaals keurig, billik en benutbaar in sy bekende donkergroen hardeband beskikbaar gestel. Beide temas bevat 'n eie register, verduidelik die afkortings gebruik - wat noodsaaklik is, bevat die gebruiklike inhoudsopgawe en bronne word aangedui. Ehlers se stuk in Afrikaans geskryf, bevat 'n *Summary*, maar Harris se bydrae in Engels geskryf, beskik nie oor 'n *Opsomming* nie.

Die publikasie as sodanig bevat ook weer die gebruiklike lys titels van onderwerpe wat in alle vorige uitgawes opgeneem is; alfabeties volgens skrywers gerangskik. Dalk kan by geleentheid net weer daaroor besin word of dít die mees doeltreffende manier van doen is. 'n Chronologiese volgorde sou minstens nie verkeerd wees nie.

Hoe dit ookal sy, Ehlers se onderwerp hou verband met prof. D.J. van Zyl se belangstellingsvoorkeur naamlik handel, bedryf, ekonomie van hoofsaaklik die Afrikaner. Die taal is soepel en verstaanbaar. Net interessant dat deurgaans van die Rebellie geskryf word, maar van rebelle en rebelleiers (op p. 8 word wel na Rebelle verwys). Ehlers herstel mooi die algemene wanindruk dat die Helpmekaarbeweging met oom Japie Helpmekaar, J.E. de Villiers van die Paarl, eers op 5 September 1917 aldus 'n brief in *De Burger* begin het. Hy toon pragtig aan dat landwyd grootse pogings aangewend is om geld in te samel om die boetes van die Rebelle van 1914/1915/1916 te help betaal, om hulle gesinne op die been te hou, om hoë skuld te delg wat met die opstand meegebring is, en om oor die algemeen die verarmde Afrikaners, nog uit 1902 se jare vanweë Britse toedoen, ekonomies te laat herstel. Ehlers bevestig die gevolge: 'n volkspoging moes tot algehele binding en herstel landwyd deur middel van die "Helpmekaar" lei - vandaar spesifiek Afrikanerdag van 10 November 1917, toe duisend enkelinge of eenhede elk 100 pond sterling tot die fonds bygedra het.

Hoewel Ehlers na P.R. du Toit, G.D. Scholtz, S.B. Spies, M.C.E. van Schoor en J.D. Kestell se skryfwerk in sy bibliotrafie verwys, sê hy niks van Scholtz, Spies en Du Toit se tersake werk in sy Voorwoord nie. Dit doen vreemd aan. Tog is die Voorwoord baie geslaagd. Die talle en talle aanhalings in die teks is dalk oordadig, maar die tydsgees word sodoende beter behou en meer korrek oorgedra. Verder, die leser sou méér oor die Rebellie van 1914-1915 en die Algemene Verkiesing van 1915 wou verneem, en van die Algemene Verkiesing van 1920 rakende die Helpmekaar-sukses. Dit val immers binne die tydperk onder bespreking.

Hoewel dit nie Ehlers se onderwerp as sodanig was nie, begryp die leser iets meer van die druk deur politici op premier Louis Botha uitgeoefen om die Rebelle hard te straf of om hulle ligter te behandel. Die Helpmekaarbeweging het dan ook oor politieke, ekonomiese, kerklike en gebiedsgrense heen gegryp. Die maklike samewerking, egte meelewing, geldelike bystand en besef van lotsgebondenheid was bindinge wat nooit bedoel of voorsien is nie, maar wat later gewis breër beslag help gee het. Ook die Afrikanervroue landwyd het hier voorloperwerk verrig - met die Oranje-Vrystaat telkens sterk aan die spits; desnoods omdat die Rebellie-ellende hier baie erg was.

Dis veelseggend dat die A.C.V.V., die N.C.V.V., die O.V.V. en die S.A.V.F. na 1902 moes help om ellende te stuit, maar wat destyds weldra ook sterk kultuurliggame van die Afrikaner geword het. Die Helpmekaarbeweging het insgelyks verloop. Ook die R.D.B. van 1940 se jare het noodhulp én kultuurversterking tot gevolg gehad. Dat volksarmoede steeds 'n wesenlike werklikheid bly, word bevestig deur die voortgesette ontsaglike bystand deur kerk, staat en in ons eie dag ook deur Volkshulp 2000 voorsien. 'n Armoede-kultuur is dus steeds 'n hoë werklikheid.

Die gevolgtrekkings waartoe Ehlers in hoofstuk 12 kom, is hoofsaaklike leesstof. Maar hy beklemtoon sterk die politieke betekenis (pp. 136-143) en sê heel weinig oor die kerk en godsdiens (pp. 143-145), oor ekonomie (pp. 145-147) en oor kultuur (pp. 147-148). Dis trouens drie terreine wat swak ontleed word en wat getuig van beperkte insig en vertolking, want hy verwys in die teks knaend na ál hierdie terreine. Dis ook erg jammer dat die skrywer nie van tabelle gebruik maak wanneer hy na geldbedrae, gebiede en organisasies verwys nie.

Hoe dit ookal sy, Ehlers het wyd en diep navorsing gedoen. Verskeie koerante is geraadpleeg, amptelike regeringstukke, dokumente van kerkgroepe, stukke by I.N.E.G. bewaar, in drie staatsargiewe gehuisves of Helpmekaar- en SANLAM-geskrifte. Maar die skrywer ... huiwer effens om sterk stellings/afleidings te maak wat byvoorbeeld die meerdere rol van koerante met die Helpmekaarbeweging betref of die voorbeeldbetekenis van die Sentrale Rebelliefonds, en die drie Susterskerke wat eensgesindheid onderstreep het. Hoe dan ookal, die verhaal oor die Rebellie-Helpmekaar tot 1920 is nou volledig en goed vertel.

Harris maak van 'n *Preface* en van 'n *Introduction* gebruik om sy tema, benadering en werkwyse uiteen te sit. In beide eenhede is hy ietwat verskonend, verduidelikend, byna apologeties. Die tydperk van sy tema, 1910-1936, maak sin - hy sou ook by 1913 kon begin het omdat die hele inhoud te doen het met grondbesit al dan nie in noordelike Natal wat swartes betref. Harris is ook van die heel begin af gesteld daarop dat die leser moet weet hoekom hy sekere indelings of keuses of woordgebruike volg of nalaat. Dit stem enige oop lesersgemoed dadelik tot meerdere versigtigheid.

Die skrywer het wyd en deeglik navorsing gedoen. Sy bronne is indrukwekkend. Hy volg elke dokument en besluit dan ook pynlik, op die voet af. Elke brokstuk toepaslike wetgewing is nagegaan en weergegee. Maar die geheel is swaar, stroef, feitelik. Reeds die titel is dalk lank en lomp; desnoods omdat die vlag volledig die lading moes dek? Gelukkig word daar goed van kaarte (5) en tabelle (10) gebruik gemaak; kyk p. 161.

In hoofstuk 1 (pp. 177-195) word na staat, kapitaal en grondbesit verwys, in hoofstuk 2 (pp. 196-214) na grondverdeling/grondverspreiding en grondbesetting, terwyl hoofstuk 3 (pp. 215-236) te doen het met blanke boere en swart arbeiders. Hoofstuk 4 (pp. 237-245) verwys na sendingstasies terwyl hoofstuk 5 (pp. 246-263) te doen het met swartes op grond deur swartes besit. Deurgaans is dit duidelik dat Harris kwalik iets goeds te sê het van haas enige staat, groep, raad, vereniging of organisasie omdat die "African" telkens benadeel is, aldus die skrywer.

Nogtans het hy goed aangetoon dat belange ernstig gebots het - mynhuise, nywerhede, landbou, swart arbeiders, winste, wit kapitaal, kapitalisme as sodanig, segregasie, politieke partye, opvattings oor grondbesit en staatkundige onvermoë. Harris onderstreep swart weerstand/verset op hulle manier, maar dat nòg hulle nòg die owerhede 'n wen-situasie kon bereik. Verder het plaaseienaars (wit) nie genoegsaam eenheid bereik nie, het die landbou al hoe meer kapitalisties geword (±1924-1936), en het die swartes al hoe meer vir lone gewerk - eerder as om ware toegang tot meerdere wyses van produksie te beleef.

Die *Conclusion* (pp. 264-268) is volledig, leersaam en insiggewend, maar Harris beskou dan sy tema as "social relations examined", hy verwys besonder baie na ander skrywers se menings in plaas van na sy eie navorsing. En dís dalk die hele probleem: Plakkery is aangespreek, daar is na kroongrond, lone, paswette, steenkool, sending, die algemene ekonomie, lyste 'swart' wetgewing, grondkommissies en departemente verwys - alles 'n geordende samevatting in Harris se geskrif van verslae, staatspublikasies, artikels en onderhoude deur eietydse, ander skrywers. Trouens, op pp. 175-176 word ook die hoofstuktemas herhaal waaroor reeds op p. 165 geskryf is. Maar goed, minstens is hierdie geheel nou byeengebring.

MARIUS SWART
*Universiteit van Port Elizabeth*